higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 4

(9020064)

7 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

138Q1N2207

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae sorgvuldig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Skryf elk van die volgende akronieme volledig uit:

1.1.1 NGV

1.1.2 SAID [‘SARS’]

1.1.3 WGUS [‘WBOT’]

1.1.4 ‘DCST’

1.1.5 MGV

1.1.6 ‘FIT’

1.1.7 ‘OHSC’

1.1.8 ‘ISH’

1.1.9 MIV

1.1.10 NRO

(10 × 1) (10)

1.2 Dui, deur middel van 'n diagram, die vloei van fondse binne gesondheidsorgfinansiering in Suid-Afrika aan. (10)

1.3 Noem, in die korrekte volgorde, die VYF fases van die finansiële bestuursiklus. (10)

1.4 Noem en verduidelik kortliks die VYF groot veranderings in die gesondheidsorgstelsel na 1994. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende diagram van die struktuur van gesondheidsorgfinansiering deur slegs die antwoord langs die nommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf



(5 × 2) (10)

2.2 Akademiese geneeskunde is deel van tersiêre gesondheidsorg.

2.2.1 Defineer die term *akademiese geneeskunde*. (2)

2.2.2 Wat is die missie van die akademiese metode? (3)

2.2.3 Noem VYF funksies van opvoedkundige gesondheidsorginstellings. (5)

2.2.4 Verduidelik kortliks elke funksie wat in VRAAG 2.2.3 genoem word. (5 × 2) (10)

2.3 Ontleed die Suid-Afrikaanse gesondheidsbesteding per bruto nasionale produk (BNP) deur na internasionale beleidsriglyne te verwys. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 3

Billikheid, toegang, regte en deelname is kernelemente van sosiale geregtigheid wat noodsaaklik vir gesondheidsbevordering is. Die NGV bied 'n uitstekende geleentheid om maatskaplike geregtigheid regoor Suid-Afrika te verbeter, maar in sy huidige konsepvorm blyk dit dat die edele visie op 'n paar belangrike gebiede te kort skiet, veral met betrekking tot die omvang van universele toegang en die regte van gesondheidsorgwerkers.

Die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering verteenwoordig die Suid-Afrikaanse regering se reaksie om hierdie sosiale onreg aan te pak deur bekostigbare gesondheidsorg aan alle Suid-Afrikaners te verskaf. Dit is deel van die breër aspirasie na universele gesondheidsdekking.

[Bron: *https://mg.co.za/article/2020-03-15-the-nhi-could-provide-a-dose-of-social-justice-for-south-africa*]

3.1	Noem die VIER belangrikste gesondheidsorgkwelpunte wat in Suid-Afrika ervaar word.		(4)
3.2	Verduidelik die belangrikheid van billikheid en toegang.	(4 + 4)	(8)
3.3	Verduidelik hoe universele gesondheidsdekking in Suid-Afrika teweeg gebring sal word.		(4)
3.4	Noem SES komponente wat in 'n ideale kliniek behoort te wees.		(6)
3.5	Noem VIER sleutelkenmerke van die NGV.		(8)
3.6	Verduidelik VYF sosio-ekonomiese voordele van die NGV.	(5 × 2)	(10)
			[40]

VRAAG 4

4.1 Die kantoor vir vir die nakoming van gesondheidstandaarde ('OHSC') is gestig om dienste in die openbare gesondheidsektor te reguleer.

4.1.1 Noem die DRIE doelwitte van die 'OHSC'. (3 × 2) (6)

4.1.2 Kopieer en voltooi die volgende tabel om die ses pasiëntgesentreerde prioriteitsareas te organiseer deur 'n woord of woorde uit die lys hieronder te kies.

positiewe en barmhartige ingesteldheid; pasiëntveiligheid en sekuriteit; beskikbaarheid van medisyne; wagtye; infeksiebeheer; netheid

Pasiëntregte	**Pasiëntveiligheid, sekuriteit, kliniese bestuur en sorg**	**Kliniese steundienste**

(6 × 2) (12)

4.2 Die gesondheidsorgbegroting het baie komponente.

4.2.1 Noem DRIE hooflynitems wat die begroting vorm. (3)

4.2.2 Noem DRIE rolspelers wat by die opstel van die begroting betrokke is. (3)

4.2.3 Noem VIER dokumente wat deel van die begroting vorm. (4)

4.2.4 Verduidelik die belangrikheid van die begroting in die beplanning van gesondheidsdienste. (3 × 2) (6)

4.2.5 Hoe speel die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999) 'n rol in die regulering van die begrotingsproses? (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 5

5.1 Daar is twee tipes gesondheidsversekering.

5.1.1 Noem die hoof TWEE tipes gesondheidsversekering. (2 × 2) (4)

5.1.2 Verduidelik elk van die TWEE tipes gesondheidsversekering. (2 × 2) (4)

5.2 Tabuleer die verskil tussen *maatskaplike gesondheidsversekering* en *nasionale gesondheidsversekering*. (2 + 2) (4)

5.3 Bespreek VIER probleme met die mediese skema-omgewing in Suid-Afrika. (4 × 2) (8)

5.4 Noem VYF faktore wat vordering na 'n enkele grootskaalse risikopoel beïnvloed. (5)

5.5 Verduidelik die VIER sleutelgesondheidsorgfinansieringsfunksies van die NGV. (4 × 2) (8)

5.6 Noem DRIE strome van die herontwerpte primêre gesondheidsorgmodel. (3)

5.7 Gee VIER komponente van die billike aandele-toekenning. (4)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou